
## 496 Weer dink ons saam aan daardie nag




Hy kom, wat hier Gods beeld vertoon, gebore om hier as mens te woon;
die Kindjie van ‘n moeder teer - God self daal in ons armoed neer.

o Seun van God, wys U die weg in die gestaltte van ‘n kneg?
U wat die groot heelal regeer, vir wie daal U op aarde neer?

Vir wie? Vir heil’ge eng’le? Nee! Hul deel ons slegs die boodskap mee;
vir sondaars daal die Hemelheer, vir arme sondaars daal Hy neer!

Laat ons nog eens die lied herhaal, die engellied in mensetaal:
Op aarde vrede, God die eer! Die mensdom heil, Gods Seun daal neer.

Kom, Christenskaar, kom sing dan bly; dit is vir ons, vir jou, vir my!
Om Jesus wil God ons vergeef, dit is vir ons dat Jesus leef.

Ons loof U dan, Immanuel! U het oorwin oor dood en hel;
U maak ons van die sonde vry, daarom aanbid en juig ons bly!

Pieter L. van de Kasteele (1748-1810) L. Bourgeois (1510-61)